Bly-en-speel-en-werk by Bloubergstrand kry koers

Eden on the Bay, die langverwagte residensiële- en kleinhandelontwikkeling by die Big Bay-strandlandgoed in Bloubergstrand, Kaapstad, is op dreef.

Dié ontwikkeling, wat gesamentlik ontwikkel word deur Asrin en Mvelaprop, breek weg van die norm en is die eerste ontwikkeling waar mense kan woon, werk en ontspan binne 'n klipgooi van die strand af.

Dit sal aan inwoners 'n unieke leefstyl bied met die gevoel van 'n klein dorpie, terwyl kleinhandelafsetpunte, restaurante en die strand binne stapafstand is.

Mnr. Ishmail Essa, uitvoerende hoof van Asrin, sê die ontwikkeling sal beduidend verskil van ander in die Big Bay-gebied deurdat die digtheid laag sal wees en nie een gebou hoër as drie verdiepings nie.

Groot aandag sal geskenk word aan oop ruimtes in die vorm van binnehowe en voetgangers-wandellane en die argitektuur sal geskoei wees op dié van huise in Weskus-dorpies met gepleisterde wit mure.

Eden on the Bay sal uit 171 residensiële eenhede bestaan met een en twee slaapkamers en pryse wissel tussen R995 000 en R8,5 miljoen.

Die amptelike bekendstelling is 25 November.